**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saak nommer. : A273/2012

In die appèl tussen:

**MANDLA ALBERT HLONGWANE** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** HANCKE, WND RP *et* RAMPAI, R *et* VAN ZYL, R

---

**UITSPRAAK:** HANCKE, WND RP

---

**AANGEHOOR OP:** 4 MAART 2013

---

**GELEWER OP:** 7 MAART 2013

---

[1] Die appellant is op 11 Mei 2011 in die Rondgaande Hof deur Kruger, R skuldig bevind aan die moord op sy vrou en diefstal van sy dienspistool en selfoon. Gemelde klagtes is saamgeneem vir doeleindes van vonnis en is hy tot 22 jaar gevangenisstraf gevonnis. Met die verlof van die hof *a quo* kom hy nou hoër beroep teen hierdie skuldigbevindings.

[2] Dit is gemene saak dat die appellant en die oorledene getroud was en as man en vrou saamgewoon het te Medicanstraat, Bakenpark, Bethlehem, waar die moord gepleeg is op 22 Mei 2007. Ten tye van haar dood het die oorledene nagdiens gewerk. Die appellant en die oorledene

se seun Vuyo Hlongwane was tydens die plaasvind van die moord by die skool gewees. Dit is gemene saak dat die oorledene op die betrokke datum gedood is deurdat sy verskeie kere geskiet is terwyl sy in die gemeenskaplike woning was. Sy is met verskeie koeëlwonde dood in die sitkamer van hulle woning aangetref. 'n Vensterruit van die badkamer van die woning was gebreek en het oopgestaan. Menslike voetspore was aan die buitekant van die woning voor die badkamervenster op die grond sigbaar gewees. Daar is 5 x 9mm koeëldoppies in die onmiddellike omgewing van die liggaam van die oorledene gevind.

[3] Van wesenlike belang is die feit dat daar beslag gelê is op die volgende klerasie wat die eiendom is van die appellant, te wete bewysstuk 1 (skoene); bewysstuk 3 (broek); bewysstuk 4 (baadjie). Al hierdie klere is die vorige dag, te wete 21 Mei 2007, deur die appellant gedra. Gemelde broek en baadjie het bloedspatsels op gehad en daar was ook bloedspatsels, in en op die sole van die skoene gewees. Al hierdie bloed was afkomstig van die oorledene gewees.

[4] Dit blyk dat die appellant se amptelike vuurwapen in 'n versteekte kluis in die huis toegesluit was. Die appellant se selfoon en vuurwapen wat deur die SAPD aan hom voorsien is, het uit die huis verdwyn. Dit is ook gemene saak dat die gebreekte badkamervenster en vensterbank, elektromagneties ondersoek is en dat daar géén versteuring van stof op die vensterbank was nie. Wat die selfoon betref, was dit nie gebruik onmiddellik na die moord van die

oorledene nie en is dit opgetel ongeveer 115 meter van die appellant se huis na die moord.

[5] Die enigste geskilpunt in hierdie saak is of die hof *a quo*, inaggenome al die feite en omstandighede van die saak, geregtig was om te bevind as enigste redelike afleiding, dat die appellant die oorledene vermoor het. Daarby inbegrepe is die vraag hoe die bloedspatsels afkomstig vanaf die oorledene op die kledingstukke van die appellant beland het en of sy weergawe in hierdie verband redelik moontlik waar is.

[6] Die onus is op die staat om die skuld van die appellant bo redelike twyfel te bewys. **Rex v Difford** 1937 AD 370 te 373. Waar daar geen direkte getuienis teen die appellant aangevoer is nie, was die verhoorhof daarop aangewese om afleidings uit die omstandigheidsgetuienis te maak.

[7] Mnr Langenhoven, namens die appellant, het na die *locus classicus* in hierdie verband verwys naamlik, **Rex v Blom** 1938 AD 188 te 202 – 203 waarin daar beslis is dat daar twee kardinale beginsels van logika dikteer naamlik, eerstens die afleiding wat gesoek word moet ooreenstem met al die bewese feite, so nie, kan die afleiding nie gemaak word nie en tweedens die bewese feite moet sodanig wees dat hulle elke redelike afleiding uitsluit behalwe die een wat gesoek word. As hulle ander redelike afleidings nie uitsluit nie, moet daar twyfel bestaan of die afleiding wat gesoek word, die korrekte is.

[8] Indien daar botsende weergawes bestaan, is die benadering wat gevolg moet word die volgende:

> "The proper approach in a case such as this is for the court to apply its mind not only to the merits and the demerits of the state and the defence witnesses, but also to the probabilities of the case. It is only after so applying its mind that a court would be justified in reaching a conclusion as to whether the guilt of an accused has been established beyond reasonable doubt."

(**S v Singh** 1975 (1) SA 227 (N) te 228F – H. Vergelyk ook **S v Radebe** 1991 (2) SACR 166 (T) te 167J.)

[9] Mnr Langenhoven het namens die appellant betoog dat daar verskeie aspekte is wat vreemd voorkom waarvoor daar nie 'n verduideliking is nie soos byvoorbeeld die aanwesigheid van die hamer, die voetspore wat buite die badkamervenster waarneembaar was, die klossie hare wat sou verdwyn het en die ontstekingsredidu wat by die oorledene gevind is maar nie by die appellant nie. Dit is egter aspekte wat in besonderhede behandel is deur die hof *a quo* wat ek nie nodig ag om hier te herhaal nie, maar wat uiteindelik nie die saak enigsins verder voer nie.

[10] Wat die geloofwaardigheid van die staatsgetuies betref is dit nie werklik tydens die verhoor aangeveg nie en is dit ook nie voor ons gekritiseer nie. Daar bestaan ook geen rede waarom enige van die polisie lede sou saamsweer om valse getuienis teen hulle kollega op te maak nie.

[11] Die hof *a quo* het aanvaar dat die appellant aan lede van die SAPD gesê het dat sy kluis en vuurwapen vermis is. Die getuies Nkomo, Bouwer en Qhobosheane het getuig dat die appellant inderdaad gesê het die kluis en die vuurwapen is weg. Verder het die hof *a quo* die getuienis aanvaar van reservis Mokoena dat hy die appellant met ‘n vuurwapen in sy besit gesien het, die oggend van die 23ste Mei 2007, welke vuurwapen ‘n Z88 is wat soortgelyk is aan die handwapens wat deur die polisie gebruik word. Appellant se weergawe in hierdie verband is dat Mokoena onsin getuig het.

[12] Dit is ook belangrik om te let op die getuienis van Inspekteur Nkomo, dat hy die hoofslaapkamer aangetref het soos uitgebeeld word op sommige van die foto’s en dat hierdie nie ‘n normale inbraak toneel was nie. Hierdie getuienis van die Inspekteur is nie deur die verdediging betwis nie.

[13] Wat die weergawe van die appellant betref, is dit in verskeie opsigte onwaarskynlik. Mnr Botha, namens die respondent het in argument volledig met al die onwaarskynlikhede gehandel, maar handel ek slegs met enkeles daarvan. Sy weergawe dat daar ingebreek is en dat die inbreker toegang tot die huis deur die badkamervenster verkry het, word weerspreek deur objektiewe feite. So ook is dit onwaarskynlik dat die inbreker toegang tot die geslote kluis sou gekry het, appellant se vuurwapen uit die kluis verwyder terwyl die kluis goed versteek en gesluit was.

[14] Nog meer onwaarskynlik is die feit dat die inbreker die klere en die skoene van die appellant verwyder vanwaar dit gebêre was en dit in die sitkamer op die vloer en/of banke geplaas het. Dit is vergesog dat die inbreker sekere dele van die huis onverstoord laat en die huis na die inbraak, gesluit verlaat.

[15] Wat die klere spesifiek betref, is daar verskeie aspekte wat eienaardig voorkom. Dit kom onwaarskynlik voor dat die inbreker die klere en skoene van die appellant so sal plaas dat nadat die oorledene geskiet is, daar bloed van die oorledene op die klere en skoene van die appellant sou beland. Die verdere vraag wat ontstaan is hoekom die appellant wat 'n senior lid is van die SAPD, klere van 'n moordtoneel van sy vrou sou verwyder en verskuif, terwyl hy moes besef het dat dit van kritiese belang is om glad nie met die moordtoneel te peuter nie.

[16] Volgens Kolonel Qhobosheane het die appellant op 21 Mei 2007 die klere, synde bewysstuke 1 – 4 aangehad, welke getuienis nie betwis is nie. Hierteenoor verklaar die appellant egter dat hy slegs die baadjie en die hemp die vorige dag aangehad het.

[17] Die appellant verklaar in kruisverhoor die volgende:

> "Toe ek die huis binnegaan en die broek het op die sofa gelê saam met die baadjie."

In kruisverhoor kan hy nie verklaar hoe die klere daar gekom het nie. Dit blyk ook dat die skoene eers in kruisondervraging in die sitkamer geplaas word. Hy word gevra of hy kan verduidelik hoekom Adjudant Offisier Mostert getuig het dat sy die klere aangetref het soos op ‘n sekere foto van bewysstuk “A” uitgebeeld is. Hy antwoord dat hy nie weet nie. Eers later toe aan hom gesuggereer word dat iemand die klere bymekaar gemaak en in die kamer geplaas het, getuig dat hy die broek en die hemp na die kamer geneem het. Hy getuig ook dat hy die broek en hemp hanteer het en later pas hy sy getuienis aan en verklaar hy dat hy die baadjie en broek hanteer het.

[18] Mnr Langenhoven het, met verwysing na **S v Nkomo** 1966 (1) SA 831 (A) te 833C betoog dat al sou die appellant leuenagtig gewees het dit nie noodwendig beteken dat hy die pleger is van die ten las gelegde misdrywe nie.

[19] In die lig van die onbevredigende aspekte in die weergawe van die appellant is die bevinding van die hof *a quo* dat hy ‘n swak getuie was, geregverdig in die omstandighede.

[20] Dit blyk dus dat afgesien van die feit dat die appellant ‘n swak indruk in die getuiebank gemaak het, sy weergawe so onwaarskynlik en ongeloofwaardig was dat die hof *a quo* dit tereg as vals bo redelike twyfel verwerp het. Die onbevredigende aspekte en teenstrydige getuienis van die

appellant dui sterk op die appellant se betrokkenheid by die pleging van die ten las gelegde misdrywe.

[21] Mnr Langenhoven het, na my mening tereg, nie daarop gesteun dat die hof *a quo* enige wanvoorligtings begaan het nie. Indien die totaliteit van die getuienis inaggeneem word is ek van mening dat die hof *a quo* tereg bevind het dat die enigste redelike afleiding wat in die omstandighede gemaak kan word is dat die appellant hom skuldig gemaak het aan die pleging van hierdie betrokke misdrywe.

[22] Daar is geen appèl gerig ten opsigte van die vonnis nie en blyk dit ook in orde te wees.

[23] Bygevolg word die appèl van die hand gewys.

**S. P. B. HANCKE, J**

Ek stem saam.

**M. H. RAMPAI, J**

Ek stem saam.

**C. VAN ZYL, J**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Adv. G. T. Langenhoven<br>In opdrag van:<br>Vermaak en Dennis<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. J. P. Du P Botha<br>In opdrag van:<br>Die Kantoor van die Direkteur:<br>Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/eb